BKB Beperk
Registrasienommer: 1998/012435/06
("BKB")

VKB Beleggings Eiendoms Beperk
Registrasienommer: 2011/007000/07
("VKB")

2 Julie 2019

GESAMENTLIKE AANKONDIGING: BEKENDSTELLING VAN VKB AS 'N STRATEGIESE AANDEELHOUER VAN BKB EN VERWANTE AANGELEENTHEDE

BKB aandeelhouers word verwys na die aankondiging van 9 Januarie 2019 waarin sekere belangrike aangeleenthede onder aandeelhouers se aandag gebring is. Met hierdie aankondiging wil die Direksie van BKB ("**BKB Raad**") die aandeelhouers van BKB inlig oor verdere verwikkelinge met betrekking tot BKB en belanghebbende partye.

Agtergrond

1. Soos op 9 Januarie 2019 aangekondig, het Maruwa Investments Eiendoms Beperk ("**Maruwa**") en BKB 'n Nominasie Ooreenkoms ("**Nominasie Ooreenkoms**") aangegaan in terme waarvan Maruwa genomineer was om 18,612,016 aandele in BKB van die ARC Fund te bekom, welke nominasie Maruwa aanvaar het en gevolglik die BKB aandele op 21 Desember 2018 van die ARC Fund bekom het ("**ARC Uitkoop**").

2. Die aankoopprys vir die ARC Uitkoop was befonds ingevolge 'n lening deur VKB aan Maruwa ("**VKB Lening**").

3. Die Nominasie Ooreenkoms het sekere regte ingesluit ten gunste van BKB en Maruwa, wat onder andere die volgende regte ingesluit het:

   3.1. 'n onherroeplike reg van eerste weiering ten gunste van BKB om as herfinansierder in te tree vir die VKB Lening (met sodanige reg uitoefenbaar teen nie later nie as 15 Maart 2019) ("**Herfinansieringsreg**"); en

   3.2. in die geval waar BKB die Herfinansieringsreg uitgeoefen het, en Maruwa hierdie lening van BKB nie voor of op 14 Junie 2019 vereffen het nie, het BKB ook die reg gehad om die BKB

aandele wat deur Maruwa gehou was terug te koop (of een of meer derde partye te nomineer om die aandele te bekom) ("**BKB Opsie**").

4. BKB het die Herfinansieringsreg uitgeoefen op of omtrent 20 Februarie 2019.

5. Op of omtrent 22 Mei 2019, het BKB 'n ooreenkoms met Acorn Agri And Food Beperk ("**Acorn Agri**") aangegaan, in terme waarvan BKB 'n onherroeplike opsie bekom het om nie minder as 10,361,297 BKB aandele van Acorn Agri ("**AAF Aandele**") te koop (alternatiewelik kon BKB ook derde party nomineer om die AAF Aandele te bekom), wat voor of op 14 Junie 2019 uitgeoefen moes word ("**Aandeel Aankoop Opsie**").

BKB Aandeelhouer Opdatering

6. Verder tot die bogenoemde, het BKB en VKB op 13 Junie 2019 in 'n "*Nomination, Share Purchase and Shareholder Agreement*" getree ("**BKB/VKB NKA Ooreenkoms**"), in terme waarvan BKB vir VKB genomineer het ten einde die Aandeel Aankoop Opsie uit te oefen, watter nominasie gevolglik deur VKB aanvaar was.

7. Op of omtrent 14 Junie 2019 het:

   7.1. VKB die Aandeel Aankoop Opsie uitgeoefen en die AAF Aandele in BKB bekom; en

   7.2. BKB 'n kennisgewing aan Maruwa gelewer in terme waarvan BKB sy regte ingevolge die Nominasie Ooreenkoms afgedwing het, om die BKB Opsie uit te oefen ("**BKB Opsie Kennisgewing**").

8. Ingevolge die BKB Opsie Kennisgewing, het BKB sy regte, met betrekking tot die BKB aandele wat deur Maruwa gehou was, soos volg uitgeoefen:

   8.1. BKB het 4,653,003 aandele vanaf Maruwa teruggekoop (gelykstaande aan 5% van die uitgereikte aandelekapitaal van BKB ten tyde van die terugkoop);

   8.2. BKB het die BKB Beperk Personeel Aandeletrust ("**PAT**") genomineer om 5,708,294 aandele in BKB vanaf Maruwa te bekom, met die hoofdoel dat sodanige aandele aangewend word as deel van die aandeleskema vir werknemers van BKB wat die PAT bedryf; en

   8.3. BKB het vir VKB genomineer om 8,250,719 aandele in BKB vanaf Maruwa te bekom.

9. Na implementering van die bogenoemde, is BKB se totale uitgereikte gewone aandele 88,407,075 waarvan:

   9.1. VKB nou 18,612,016 gewone aandele in BKB hou, gelykstaande aan ongeveer 21,05% van die totale uitgereikte aandele in BKB; en

   9.2. die PAT nou 9,530,440 gewone aandele in BKB hou, gelykstaande aan ongeveer 10,78% van die totaal uitgereikte aandele in BKB.

10. Dienooreenkomstig, soos vereis ingevolge artikel 122(3)(b) van die Maatskappywet, No. 71 of 2008 ("**Wet**"), word aandeelhouers van BKB hiermee in kennis gestel dat BKB formele kennisgewings ontvang het in die voorgeskrewe vorm met betrekking tot die bogenoemde verhandelinge in die sekuriteite van BKB, en dat die vereiste kennisgewings ingevolge artikel 122(3)(a) van die Wet ingedien is by die Oornameregulerингspaneel.

BKB/VKB NKA Ooreenkoms en and Wedersydse Ondernemings

11. As deel van die BKB/VKB NKA Ooreenkoms, sal BKB en VKB voortaan in gesprek met mekaar tree rakende 'n moontlike geleentheid om sinergieë tussen hul onderskeie besighede en/of sekere van hul bedrywighede te ondersoek ("**Potensiële Kombinasie Transaksie**").

12. Ter nastrewing van die bogenoemde, het BKB en VKB onderneem om tot en met 29 Februarie 2020 ("**Besprekingstydperk**") gesprekke te voer ter goeder trou en as 'n gesamentlike poging tussen BKB en VKB om 'n gepaste struktuur vir die Potensiële Kombinasie Transaksie te ondersoek, welke struktuur onderhewig daaraan is dat wedersydse ooreenkoms tussen BKB en VKB bereik word ("**Voorgestelde Transaksie Struktuur**"). Ten einde enige onduidelikhede te vermy en gegewe die feit dat gesprekke tussen BKB en VKB nog moet posvat, moet daar kennis geneem word dat geen vaste terme met betrekking tot die Potensiële Kombinasie Transaksie tot dusver ooreengekom is tussen BKB en VKB nie.

13. Bykomend tot die voorafgenoemde, sluit die BKB/VKB NKA Ooreenkoms ook *inter alia* die volgende belangrike terme in:

    13.1. indien BKB en VKB nie 'n ooreenkoms bereik rakende die Voorgestelde Transaksie Struktuur voor of op die verstryking van die Besprekingstydperk nie, het BKB die reg om die BKB aandele wat deur VKB gehou word terug te koop (of een of meer derde partye te nomineer om sodanige aandele te bekom), en VKB het 'n soortgelyke reg om die aandele in BKB weer aan BKB (of BKB se genomineerdes) terug te verkoop;

    13.2. VKB se ondernemnig dat VKB gedurende die Besprekingstydperk nie soveel addisionele BKB aandele sal bekom wat sal veroorsaak dat VKB se totale aandeelhouding in BKB 30% van die uitgereikte aandele in BKB sal oorskry nie, sonder die toestemming van die meerderheid van die direkteure van BKB ("**VKB Aandeelhouding Beperking**");

    13.3. indien VKB van hul aandele in BKB sou wou verkoop, het VKB spesifieke voorkoopsregte aan BKB (of BKB se genomineerdes) verleen vir solank as wat VKB aandele in BKB hou;

    13.4. onderhewig aan die nakoming van die VKB Aandeelhouding Beperking, het VKB hul bereidwilligheid aangedui om tydens die Besprekingstydperk verdere aandele van BKB aandeelhouers te bekom wat van voorneme is om hul BKB aandele te wil verkoop ("**Beskikbare BKB Aandele**"). Verder het VKB onderneem dat indien VKB besluit om sodanige Beskikbare BKB Aandele van die betrokke aandeelhouers aan te koop, dat VKB die betrokke Beskikbare BKB Aandele teen 'n prys van ten minste R16 per BKB aandeel sal aankoop. Ten einde enige onduidelikhede te vermy, moet BKB aandeelhouers daarop let dat VKB onder geen verpligting is om verdere aandele in BKB te verkry gedurende die Besprekingstydperk nie, maar dat indien

VKB verdere BKB aandele sou wou bekom, VKB hierdie aandele teen nie minder as R16 per aandeel sal bekom; en

13.5. vir solank as wat VKB ten minste 20% van die uitgereikte aandele in BKB hou, onderneem die BKB Raad om twee toepaslike gekwalifiseerde en ervare genomineerdes van VKB tot die raad van direkteure van BKB aan te stel, welke aanstellings **(i)** effektief sal wees vanaf die datum waarop sodanige genomineerdes se aanstellings deur die BKB Raad gemaak word, en **(ii)** bevestig moet word deur die aandeelhouers van BKB by die volgende algemene jaarvergadering van BKB.

14. Ten einde enige onduidelikhede te vermy, spesifiek met betrekking tot die moontlike verkryging van verdere Beskikbare BKB Aandele met verwysing na paragraaf 13.4 hierbo, moet daar kennis geneem word dat hierdie aankondiging geensins die bedoeling het om ‘n vaste voorneme om ‘n aanbod daar te stel nie met betrekking tot BKB of VKB, en gevolglik moet hierdie aankondiging nie sodanig geïnterpreteer word nie.

Ten Slotte

15. Na die noemenswaardige uitdagings wat oor die afgelope 12 maande op ‘n aandeelhouersvlak ervaar is, sien die BKB Raad daarna uit om die moontlike geleenthede wat 'n potensiële transaksie met VKB kan bied, te ondersoek.

16. Verdere aankondigings sal volg met betrekking tot die bogenoemde aangeleenthede asook die voorgenome notering van BKB op die gelisensieerde sekuriteitebeurs wat deur 4 Africa Exchange Eiendoms Beperk bedryf word.

17. Al die bogemelde is onderhewig aan voldoening met die relevante wetgewing, insluitende kompetisie wetgewing.

Mnr. Chris Louw, Voorsitter van BKB het die volgende met betrekking tot die transaksie gesê:

“Hierdie aankondiging word gemaak tydens ‘n belangrike tydperk in die lewe van BKB. Dit is gedurende ‘n tydperk waar ons terugkyk oor BKB se afgelope 100 jaar van bestaan, maar ook waartydens ons vorentoe moet kyk na BKB se volgende 100 jaar, met die duidelike verstaan dat die besluite wat ons vandag neem, ten doel het om BKB reg te posisioneer vir die volgende generasies. Deur dit te doen, moet ons BKB se ryke geskiedenis onthou – ons totstandkoming, ons suksesse, ons uitdagings wat oor ons pad gekom het en wat ons te bowe gekom het, ons kliënte, aandeelhouers en mense wat bygedra het tot die BKB van vandag.

Teen hierdie agtergrond, het BKB al vir ‘n geruime tyd die moontlikheid ondersoek om hande te vat met ‘n ander landbou-besigheid wat dieselfde uitkyk as BKB deel. Ons glo dat ‘n potensiële assosiasie met VKB ons vastrapplek in die landbou-omgewing kan bevorder, asook sinergistiese voordele tot gevolg kan hê vir beide BKB en VKB. In dié verband, verkies ons om proaktief te wees en ons vennoot self te kies eerder as om onderworpe te wees aan vyandige korporatiewe optrede wat daartoe kan lei dat ons gedwing word om hande te vat met iemand wat minder belyn is met ons behoeftes.

Ons glo dat VKB 'n soortgelyke visie as BKB deel en ons sien uit om dit verder te ondersoek. BKB se langtermyn toekoms bly in die landboubedryf en ons moet ons besigheid sodanig bedryf ten einde te verseker dat ons finansieel bestendig bly maar eweneens ook vir ons aandeelhouers 'n billike opbrengs bewerkstellig. BKB en VKB beskik beide oor 'n aantal komplimenterende besighede asook 'n diverse voetspoor. Die geografiese areas sal sonder twyfel tot voordeel wees vir beide besighede wat hul instaat sal stel om nuwe areas te betree.

Ons sien uit om 'n langtermyn voordelige verbintenis met VKB te ondersoek."

Mnr. Paul Carshagen, Voorsitter van VKB het die volgende bygevoeg:

"VKB is 'n trotse landbou-besigheid wat aan die landbou-produsente behoort en wat 'n ryke geskiedenis van 100 jaar het. VKB het 'n strategiese doelwit om betrokke te raak in die lewendehawe-bedryf aangesien die meeste van ons produsente-aandeelhouers se boerderye 'n groot lewendehawe-komponent insluit. Die geleentheid vir VKB om in BKB te belê maak dit moontlik om hierdie strategiese doelwit te bereik. Dit bied egter veel meer as net 'n finansiële belegging, aangesien dit die moontlikheid skep om die sinergieë wat tussen VKB en BKB bestaan verder te ondersoek en tot die voordeel van landbou-produsente in Suid-Afrika asook die aandeelhouers van VKB en BKB te ontgin.

Die groter geografiese gebied wat beide maatskappye bedien bied die geleentheid om op elkeen van die maatskappye se sterk punte te fokus en van mekaar se kundigheid te leer en mekaar se besighede aan te vul. Die twee maatskappye se markte skep ook die potensiaal vir groter bemarkingsgeleenthede vir hul onderskeie produkte. VKB is dankbaar vir die geleentheid om met hierdie belegging uitvoering te kon gee aan sy strategiese doelwit en kon beswaarlik 'n beter "vennoot" gekry het as nog 'n trotse 100 jaar-oue besigheid soos BKB om saam die grondslag te lê vir die volgende 100 jaar.

Ons sien uit na 'n goeie verbintenis."

GESAMENTLIKE VERKLARING NAMENS DIE DIREKSIES VAN BEIDE BKB EN VKB.

2 JULIE 2019

Pallidus
CAPITAL

Korporatiewe Transaksie-Adviseur
pallidus.co.za

- EINDE -

BKB 100 Years of trust
1919 - 2019

100 2019 JAAR
van LIEFDE vir die LAND